# HEBREËRS 10: 31-39

## TEMA: VOLHARD IN DIE GELOOF

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSING VAN HIERDIE OORDENKING: HEBREËRS 10:31-39**

**Heb. 10: 31 Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.**
**Heb. 10:32 Maar onthou die vorige dae waarin julle, toe julle verlig geword het, 'n groot lydensworsteling deurstaan het,**
**Heb. 10: 33 gedeeltelik omdat julle deur smaad en verdrukkinge 'n skouspel geword het, gedeeltelik omdat julle deelgenote geword het van die wat in so 'n toestand verkeer het.**
**Heb. 10: 34 Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie, en julle het die berowing van julle goed met blydskap aanvaar, omdat julle geweet het dat julle in julself 'n beter en blywende besitting in die hemele het.**
**Heb. 10: 35 Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie.**
**Heb. 10: 36 Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.**
**Heb. 10: 37 Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.**
**Heb. 10: 38 Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie.**
**Heb. 10: 39 Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**

-o0o-

Ek dink daar is baie geestelike leiers wat nie die Verbond verstaan nie. Hulle is bang vir die verbond en daarom kan hulle nie oor die Verbond praat nie. As ‘n mens die Verbond verstaan, besef jy die groot verantwoordelikheid wat ek en jy het, om in die Verbond te lewe. As ons kyk na die wêreld daar buitekant en ons kyk na die toestand van die Christendom, dan raak ons bang, want ons kan sien dat die mense nie in die Verbond lewe nie. Ons weet dan voor ons heilige siel dat daar oordeel op pad is. As ons mekaar liefhet en ons gee om vir mekaar, sal ons nooit anders as die waarheid vir die mense gee nie. Ons sal mense dan wil weg hou van die oordele van die lewende God.

**Heb. 10: 31 Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.**

Hierdie is ‘n verskriklike woord! My hartsbegeerte is dat niemand in hierdie Almagtige, lewende God se hande hoef te val vir oordeel nie. As jy vandag vir my kwaad is omdat ek ‘n ware, waaragtige en harde evangelie bring, dan moet jy dit maar wees, regtig my mens. Ek het jou te lief en ek gee te veel om vir elke mens op aarde, om hom te los soos wat hy is. Ek kan ongelukkig nie ‘n ander evangelie gee nie. Ek het Christus te lief. As ek sê dat ek Hom lief het, dan sal ek Sy volkome liefde ook vir die mense bring.

Iemand het eendag gesê: “His Love is as real as His wrath”. Sy liefde is net so ‘n waaragtigheid soos Sy oordeel en soos Sy wraak. Dit hang van ons af watter kant ons wil staan. My liefde vir jou is te groot om jou daar te los. Ek wil graag hê jy moet ook in die plek kom waar jy jou ewige erfporsie kan ontvang en ook in reinheid saam met Christus Jesus kan heers eendag.

-o0o-

## 1. VERDRUKKING WORD BELOON

**Heb. 10: 32 Maar onthou die vorige dae waarin julle, toe julle verlig geword het, 'n groot lydensworsteling deurstaan het,**

**Heb. 10: 33 gedeeltelik omdat julle deur smaad en verdrukkinge 'n skouspel geword het, gedeeltelik omdat julle deelgenote geword het van die wat in so 'n toestand verkeer het.**

Dit is presies dit. Ons gaan *deur smaad en verdrukkinge 'n skouspel* word. Hoekom? Omdat julle gedeeltelik *deelgenote geword het van die wat in so 'n toestand verkeer het.*

**Heb. 10: 34 Want julle het ook saam met my gevoel in my boeie, en julle het die berowing van julle goed met blydskap aanvaar, omdat julle geweet het dat julle in julself 'n beter en blywende besitting in die hemele het.**

Hy sê dat julle deur al hierdie dinge gegaan het. Julle het deur smaad, deur vervolging, deur smeltkroes, deur belediging, deur verwerping en al hierdie goed gegaan. Die pad wat Jesus Christus geloop het, het jy geloop. Jy het dit net aanvaar. Hy sê jy het *saam met my gevoel in my boeie.* Met die haat wat satan vir jou het, het jy *'n skouspel geword* vir die wêreld, maar jy het nie ingegee nie. Jy het volhard.

- Daar wag op jou ‘n ewige verblyfreg, ‘n beter plek, beter omstandighede *en blywende besitting in die hemele*.

Nie vir ‘n jaar of tien of ‘n duisend of miljoen jaar nie, maar vir ‘n ewigheid. Is dit nie die moeite werd om hierdie klompie jare hier op die aarde deur die smelt kroes, deur die verdrukking en deur al hierdie goed te gaan nie? Ons kan dit mos nie vergelyk met ‘n ewige heerskappy saam met Christus nie. Daar is mos nie eers ‘n vergelyking nie.

## 2. DIE WÊRELD IS LEEG

- Wat kan die wêreld ons bied?
- Wat kan satan ons bied? Hy kan ons niks bied nie. Inteendeel, dit gaan vandag met ons goed, maar môre is ons uitgedien. Jy steek ‘n sigaret aan en jy het daardie genot van die sigaret, of jy drink ‘n bottel brandewyn, maar môre sit jy sonder geld en ‘n verskriklike babelas. Jou lewer of jou longe word aangetas, jou huwelik en alles word agterna verstrooi. Ek weet waarvan ek praat. Is daar enige positiwiteit wat satan vir ons kan gee? Nee, hy wil ons net vaster en vaster vat. Hy wil ons net in gebondenheid en weer in die vloek bring, sodat ons God se oordeel saam met hom kan sien.

Daar wag op ons *'n beter en blywende besitting in die hemele*

Kom mense laat ons nie hierdie dinge minag nie. Kom laat ons onsself nie weer in dinge laat beland waar hierdie soewereine prys, wat die Vader vir ons beplan, geminag word nie. Kom laat ons die evangelie, die prys, die Heilige Gees, die Woord, Christus Jesus en die Vader respekteer.

### Vervul die Wil van God

**Heb. 10: 35 Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie.**

Die skrywer sê dat daar ‘n beloning op julle wag. Julle het nou die vrymoedigheid, as julle hierdie dinge gedoen het. As julle hierdie verbond voltooi het, dan het julle vrymoedigheid, sê hy, om ‘n beloning te ontvang. Moet dit nie weg werp nie, daar is ‘n beloning vir julle.

-o0o-

**Heb. 10: 36  Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.**

Vervul die wil van God.  Daar is ‘n belofte wat wag.  Julle het die reg en vrymoedigheid om die belofte op te eis, want julle het klaar die wil van God gedoen.

3. **WAAK TEEN AFVALLIGHEID (BACKSLIDING)**

**Heb. 10: 37  Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie.**

Julle moet nie soos die volk Israel wees en altyd terug verlang na Egipte toe nie.  God se weldade moet nie met Egipte vergelyk word nie.

“Maar Here, maar Here....”  Nee mense vergeet van die “maars”.  Vergeet van die verlede en vergeet van alles.  Strek jou oë op Christus Jesus.  Hou jou oë op Kanaän, op die beloftes van God.  Hou jou oë op die Woord.  Strek uit na wat voor is en moet nie agter toe kyk nie.

Hy kan nie meer die goed onthou nie, so moet jy dit nie loop haal nie.  Dit is nie meer joune nie.  Hy het die vloek geabsorbeer en dit is nou op Hom.  Hy het daarvoor gesorg en Hy het jou teruggebring in ‘n verhouding met die Vader.

- Leef daardie verhouding en daardie verbond, wat Hy met jou aangaan, uit.

**Heb. 10: 38  Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie.**

Wanneer is jy ’n ***regverdige***?

Jy is ‘n regverdige wanneer jy in die verbond is en wanneer jy doen en lewe wat Hy vir jou geoffer het.  Die Bybel noem jou ‘n regverdige as jy al hierdie goed, waaroor ons nou gepraat het in Hebreërs, doen.

- Jy sal ***uit die geloof lewe***, want dit is ‘n geloof aksie.
- Jy sal glo dat Hy die waarheid is, want jy is in dit en jy glo dit.
    - Jy sal dan daardeur lewe.

As ‘n mens hom wil onttrek uit hierdie saak het die Here geen ***welbehae in hom nie.***  Hoekom?   Omdat jy al die liefde, goedheid en alles wat God vir jou gegee het, verwerp.  Jy het gekies om weer satan se leuens te aanvaar.  Jy kan mos vir jouself dink dat jy verwerp sal word en die Here sal ***geen welbehae*** meer in jou hê nie.

- Jy het God verwerp en daarom sal jy verwerp word.

**Heb. 10: 39  Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**

As jy sê dat jy ‘n kind van die Here is, sal jy doen wat jou Here vir jou sê.  As jy sê dat jy jou hart vir Jesus Christus gegee het, dat jy kind van God is, gekoop met die bloed van die Lam, sal jy lewe soos iemand wat gekoop is met die bloed van die Lam.

- Vriendskap met die wêreld is vyandskap met God.

Kom ons lewe in geloof tot behoud van die lewe.  Daar wag op ons ‘n beter plek, ‘n beter prys en die vervulling van die verbond.  Daardie vervulling van die verbond is om eendag met Hom te wees, in die heerlikheid van die Vader, vir ewig en altyd.

Die Here seën julle.  Mag dit met julle goed gaan.

-o0o-

Internet Navorsing

**WAT IS AFVALLIGHEID (APOSTASIE) = BACKSLIDING?**

- **Afvalligheid** is wanneer ‘n persoon of ‘n groep wegdraai van die waarheid. Wanneer die evangelie van Jesus Christus aangebied word, is daar net **twee** moontlike reaksies. Wanneer iemand al die waarhede van die evangelie gehoor het:
  - glo hy dit tot redding of
  - hy glo dit nie en word afvallig.
- **Afvalligheid** is die sonde waarvoor daar geen vergifnis is nie. God kan jou nie vergewe as jy nie Sy offer van verlossing aanvaar nie. Iemand wat na Christus toe kom tot op die rand, wat die waarheid ken, wat glo dit is die waarheid, en uiteindelik daarna wegloop in ongeloof en nie homself aan Christus oorgee nie, het afvallig geword.
- Dit is wanneer hy sy rug op DIE GELOOF gedraai het na valshede toe,
- **Afvallige**, as jy vlug van die roepstem van God en in ongehoorsaamheid leef, sal jy net die diepe slaap van droefheid hê.

-o0o-